

# HAND IN HAND

## HANDE VAT

### WELKOM

Ons kyk vandag terug oor die week. Gooi die dobbelsteen en gebruik die getal op die dobbelsteen om te vertel van:

- 1 Keer wat God jou gehelp het;
- 2 Dinge waarmee jy vir God vertrou;
- 3 Kere wat iemand soos Jesus opgetree het;
- 4 Dinge in die natuur waarin jy vir God raaksien;
- 5 Goed waarvoor jy vir God wil dankie sê;
- 6 Dinge wat jy geleer het deur iemand dop te hou.



### NO HAND HANDSHAKE

1. Staan 1 meter uitmekaar.
2. Strek jou hand uit.
3. Raak aan jou oor.
4. Draai jou hande om mekaar.
5. Maak vuiste en slaan dit op mekaar.
6. Bons jou hande in die lig.
7. Maak brilletjies
8. Vou jou hande asof jy hande vashou met jouself

### GESELS SAAM

- Gesels oor wat dit beteken om vergenoeg ("content"/tevrede) te wees.
- Wat maak dit vir die psalmskrywer moeilik om vergenoeg te wees? En vir jou?
- Wat help die psalmskrywer om vergenoeg te wees? En vir jou?
- Vertel vir mekaar van 'n keer wat jy gevoel het God is by jou en God hou jou hand vas.
- Hoe kan ons vir ander mense wys ons is daar vir hulle sonder om aan hulle te raak?

### ONTHOU-VERS

Gebruik jou linkerhand om jou regterhand vas te hou terwyl jy die vers opsê.

Psalm 73:23

"En tog was ek altyd by U;  
U het my regterhand vasgehou."

### WEES

Werk handbewegings uit vir "Hy hou die hele wêreld in sy hand" wat wys dat ons in God se hand is

Jy kan [hier](#) klik vir die Engelse lied, en [hier](#) vir die Afrikaanse lied.

### WEGSTUUR

Trek 'n groot hand en 'n klein hand af. Knip beide uit. Plak nou die kleiner hand in die groter hand en skryf vandag se onthou vers in die kleiner hand. Net soos wat die kleiner hand vas geplak is aan die groter hand, so hou God ons vas en is God altyd by ons.



### WONDER

Lees Psalm 73  
Kyk dan saam na [hierdie](#) video.